Die vertaalde Bybels wyk in sommige gevalle af van die Leer van die oorspronklike Hebreeuse- en Griekse Grondtekste

Besprekingspunt tydens die 18-20 April Volkskonsilie van die Geloftevolk te Vryburg.

Geagte Feesgangers

Hierdie besprekingspunt handel daaroor dat die vertaalde Bybels in sommige gevalle afwyk van die leer van die Hebreeuse- en Griekse Grondtekste.

Die grondtekste is in hierdie geval die Hebreeuse Masorete Teks en die Griekse Textus Receptus.

Ek noem aan u dat ons as Protestante vir JaHShua as Jesus leer ken het en vir JaHWeH as die HERE. Ek maak gebruik van die 1933/53 Bybel in Afrikaans, maar ek volg die Hebeeuse- en Griekse Grondteks m.b.t. hul Name en Titels.

Die besprekingspunte word saamgestel deur die raadpleging en lotsbeslissing soortgelyk aan Hand.1:15-26 en Andries Pretorius se aanwysing as leier van die strafkommando [Eindnota [i]] teen Dingaan en die verkiesing van die eerste Voortrekkerkerkraad in Natal [[ii]].

Die stelling wat hiedie besprekingspunt maak, is ontstellend gegewe die Opdragte van JaHWeH dat niks weggeneem mag word nie en niks bygevoeg mag word van dit wat Hy gespreek het en wat opgeteken is, soos wat die volgende Skrifgedeeltes dit stel:

Deut.4:1 Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat JaHWeH, die Elohijm van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem. :**2 Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van**

weglaat nie; sodat julle die gebooie van JaHWeH julle Elohijm mag onderhou, wat ek julle beveel.

Deut.12:32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou**; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.**

Spr.30:6 **Voeg by Sy woorde niks by nie**, sodat Hy van jou nie rekenskap vorder **en jy as 'n leuenaar openbaar word nie**.

Mat.5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die **wet of die profete** te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. **:18** Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, **sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan** totdat alles gebeur het nie. :**19** **Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer**, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

Op.22:18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: **As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is**. :19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie **wegneem**, **dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe** en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Hieruit is dit duidelik dat mens nie aan die woorde van die Skrif mag verander nie. Maar met 'n vertaling is dit baie moeilik om alles presies te vertaal.

Presiese vertaling is nie waaroor hierdie besprekingspunt gaan nie, maar oor die vertalers wat spesifieke woorde sodanig vertaal het dat ‘n ander leer ontstaan het as die leer wat in die oorspronklike Grondtekste opgeteken is.

Toe ons hierdie besprekingspunt geformuleer het, het ons gevoel dat daar baie doelbewuste vertalingsfoute in ons Bybels is waardeur ‘n vals leer ontstaan het. Met dit in gedagte was ons eerste voorlegging aan Vader as moontlike bewoording vir die besprekingspunt as volg:

Bybelvertaling- basis van Gereformeerde leer. Waarop Vader deur Sy Seun en Gees gesê het dat ons weer moet vra- die vraag moet herformuleer.

Vraag twee was: Die Gereformeerde leer is nie gegrond op die oorspronklike Masorete teks en Textus Receptus grondtekste nie, waarna ons weer moes vra,

Die Gereformeerde leer is nie gegrond op die oorspronklike Masorete teks en Textus Receptus grondtekste nie en is ‘n vals leer. Wat ook nie die regte formulering was nie en ons weer moes vra.

Die vertaalde Bybels wyk af van die leer van die oorspronklike Hebreeuse en Griekse grondtekste. Waarna ons weer moes vra.

Die vertaalde Bybels wyk in sommige gevalle af van die leer van die oorspronklike Hebreeuse en Griekse grondtekste. Wat toe goedgekeur is en uiteindelik die besprekingspunt is.

U kan sien dat Vader wil hê dat ons besprekingspunt moet handel oor die gevalle waar die leer van die vertaalde Bybels afwyk van die **leer** van die oorspronklike Hebreeuse- en Griekse Grondteks.

Ons as nageslag van die Protestantse vlugtelinge uit Europa en die latere Voortrekkers vanuit Britse liberalisme [Imperialisme], is gesteld oor ons geloof.

Maar gegewe die bewoording van die besprekingspunt is ons **uitgelewer** aan Bybels wat in sommige gevalle afwyk van die leer van die oorspronklike Hebreeuse- en Griekse Grondteks.

Dit beteken dat die leer van die huidige Bybels soms afwyk van dit wat Vader JHWH beveel het en deur die Engele en profete en JaHShua gespreek is.

In ag genome die kwelling wat ons gehad het met die formulering van hierdie besprekingspunt, waartydens ons die dwalings van die Gereformeerde leer in gedagte gehad het, noem ek ten eerste aan u dat die begrip **ethnos**, met onderskeidelik **nasie/s en volk/e en heiden/e** vertaal is, en dat dit ‘n ander leer tot gevolg het as wat in die Grondtekste geleer word.

Ten tweede is **onderskeie rasse** met die begrip **mens vertaal, waardeur** ‘n ander leer ontstaan as wat in die Grondtekste bedoel word. Dit maak dat Skrifgedeeltes mekaar weerspreek, wat ‘n aanslag is op die Woord van Vader JaHWeH Wie deur die profete en later deur JaHShua gespreek het.

Daarom die verwysing na Deut.4:2, 12:32, Spr.30:6, Mat.5:17-19 en Op.22:18-19 waarin die verbod op veranderings en die straf daarvoor aangekondig is en waarvan Paulus ook gespreek het:

> **2Kor.4:2** Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid **of vervals die woord van God nie**; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor God aan.

Verder maak die Talmud die Gebod van JaHWeH kragteloos soos wat JaHShua van gespreek het in Mat.15:1-6:

Mat 15:1 Toe kom daar skrifgeleerdes en Fariseërs van Jerusalem na JaHShua en sê: :**2** Waarom oortree u dissipels die **oorlewering** van die ou mense? Want hulle was nie hul hande as hulle brood eet nie. :**3** Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Waarom **oortree julle ook die gebod van Elohijm** ter wille van julle **oorlewering**? :**4** Want **Elohijm** het bevel gegee en gesê: Eer jou vader en moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe. :**5** Maar julle sê: Elkeen wat aan vader of moeder sê: enige voordeel wat u van my sou kan geniet, is 'n offergawe—dié hoef sy vader of sy moeder glad nie te eer nie. :**6** So het julle dan die gebod van **Elohijm** kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering.

JaHShua het hiermee verklaar dat die leer van die oorleweringe van die ou mense, wat na die Talmud verwys, die Gebod van JaHWeH kragteloos maak. Die oorleweringe van die ou mense is waarskynlik die Sanhedrin se tradisionele wette wat teenstrydig was met die Skrifte en deur JaHShua aangespreek is.

Dit kom op dieselfde neer as die leer van die vertaalde Bybels, wat in somminge gevalle afwyk van die leer van die Grondtekste. In ons geval verwys dit na dele van die Gereformeerde leer wat gegrond is op die leer van die vertaalde Bybels.

A. Neem as voorbeeld die leer van die 1933/53 Bybel:

Gal.3:8 En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die **heidene** uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal **al die volke** geseën word.

1) Let eerstens op na: "In jou sal **al die volke** geseën word."

Volgens die Engelse Bybels sal **"all nations"** [alle nasies] geseën word, en volgens die Grondteks sal **"παντα τα εθνη"** [aldie dié stamme] geseën word.

Die Vetralings wek die indruk dat die **ethnos** van Gal.3:8 betrekking het op **al die nasies**.

Hiermee die King James Bybel met Strong's nommers waarin **ethnos [G1484]** onderskeidelik met "**heathen" en "nations"** vertaal is:

Gal 3:8 And[G1161] the[G3588] scripture,[G1124] foreseeing[G4275] that[G3754] God[G2316] would justify[G1344] the[G3588] **heathen[G1484]** through[G1537] faith,[G4102] preached before the gospel[G4283] unto Abraham,[G11] *saying,* In[G1722] thee[G4671] shall **all[G3956] nations[G1484]** be blessed.[G1757]

Maar die Griekse Grondteks stel dit as volg:

Gal 3:8 προιδουσα[G4275 V-2AAP-NSF] δε[G1161 CONJ] η[G3588 T-NSF] γραφη[G1124 N-NSF] οτι[G3754 CONJ] εκ[G1537 PREP] πιστεως[G4102 N-GSF] δικαιοι[G1344 V-PAI-3S] τα[G3588 T-APN] **εθνη[G1484]** N-APN ο[G3588 T-NSM] θεος[G2316 N-NSM] προευηγγελισατο[G4283 V-ADI-3S] τω[G3588 T-DSM] αβρααμ[G11 N-PRI] οτι[G3754 CONJ] | ενευλογηθησονται[G1757 V-FPI-3P] | ευλογηθησονται[G2127 V-FPI-3P] | εν[G1722 PREP] σοι[G4771 P-2DS] **παντα[G3956 A-NPN] τα[G3588 T-NPN] εθνη[G1484]** N-NPN

Die Griekse Grondteks verwys net na ethnos [**εθνη[G1484]**]

Die King James Bybel se vertaling van **εθνη[G1484]** met onderskeidelik **heathen[G1484]** en **nations[G1484]**, wek kommer.

Hiermee die Strong's definisie van **εθνη[G1484]**

G1484 / ἔθνος / ethnos / *eth'-nos*

Probably from G1486; **a *race* (as of the same *habit*),** that is, **a *tribe*;** specifically a *foreign* (*non-Jewish*) one (usually by implication *pagan*): - Gentile, heathen, nation, people.

Ethnos **G1484** het hiervolgens betrekking op ‘n **ras** of ‘n **stam**. Die res wat daar staan is James Strong se verduideliking daarvan en is in sommige gevalle misleidend, soos wat u mettertyd sal sien.

Maar na wie verwys die ethnos van Gal.3:8 dan?

Paulus verwys in **Gal.3:8** na **Gen.12:3**, waarin al Abraham se **families** geseën sal word, maar met geslagte vertaal is:

> **Gal.3:8** En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die **heidene** uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal **al die volke** geseën word.
>
> **Gén 12:3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die **geslagte** van die aarde geseën word.

Die indruk word gewek dat al die volke en al die geslagte van die aarde geseën sal word. Maar is dit so?

Na wie verwys hierdie geslagte van die aarde?

Hiermee die Hebreeuse grondteks van Gen.12:3 uit die King James Bybel

> **Gén 12:3** And I will bless[H1288] them that bless[H1288] thee, and curse[H779] him that curseth[H7043] thee: and in thee shall all[H3605] **families**[**H4940**] of the earth[H127] be blessed.[H1288]

Volgens die Hebreeuse Grondteks staan daar nie **geslagte** nie, maar **families**

Die Hebreeuse definisie vir families is as volg:

> **H4940 /** / מִשְׁפָּחָה / mishpâchâh / *mish-paw-khaw'*
>
> From H8192 (compare H8198); **a *family***, that is, **circle of relatives**; figuratively a *class* (of persons), **a *species*** (of animals) or *sort* (of things); by extension **a *tribe* or *people:* - family, kind (-red).**

Al die Engelse vertaling tot my beskikking se vertaling van **H4940 /** / מִשְׁפָּחָה / mishpâchâh / *mish-paw-khaw'* is korrek met "**family**" vertaal, bedoelende 'n spesie, maar die Nederlandse en Afrikaanse vertalings vertaal **H4940** met **geslag** en lei die aandag weg van Abraham se **families**, welke die families **van die aarde** is oor wie die seën uitgespreek is. Dit verskil ingrypend van "**al die geslagte van die aarde**" soos wat die Afrikaanse Bybels verkondig.

Terloops- Die aarde wat ter sprake is, is Adamah [earth^{H127}], waar die Adamiet [H119 , H120, H121] ontstaan het, en waar die Beloofde Land is. Adamah staan dus in Abraham se geval met die Beloofde Land Israel in verband en nie die hele wêreld nie, en moet ook reggestel word.

Die vertaling van **families** **H4940** met **geslag** is dus misleidend en verkondig die Afrikaanse 1933/53 Bybel 'n ander leer as dié van die Grondtekste. Dit sluit aan by die Vertalings se leer m.b.t. die seën aan die "heidene" en "all nations" en "al die volke" soos Gal.3:8 se huidige vertalings van getuig, en wat die produk is van misleidende vertaalwerk.

Gal.3:8 En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die **heidene** uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal **al die volke** geseën word.

Maar hoe moet die ethnos/ εθνη^{G1484} van Gal.3:8 dan vertaal word?

Daar is net een manier en dit is volgens die definisie van ethnos εθνη^{G1484}

G1484 / ἔθνος / ethnos / *eth'-nos*

Probably from G1486; **a *race* (as of the same *habit*),** that is, **a *tribe*;** specifically a *foreign* (*non-Jewish*) one (usually by implication *pagan*): - Gentile, heathen, nation, people.

Gal 3:8 And^{G1161} the^{G3588} scripture,^{G1124} foreseeing^{G4275}

> that[G3754] God[G2316] would justify[G1344] the[G3588] **heathen[G1484]** through[G1537] faith,[G4102] preached before the gospel[G4283] unto Abraham,[G11] *saying,* In[G1722] thee[G4671] shall **all[G3956]** **nations[G1484]** be blessed.[G1757]

Let op dat ethnos G1484 onderskeidelik met **heathen** en **nations** vertaal is, maar dat dit primêr op **ras** en **stam** betrekking het.

Die korrekte vertaling van die Gal.3:8 se ethnos/ εθνη[G1484] moet volgens die Grondteke as volg wees:

> **Gal.3:8** En die Skrif wat vooruit gesien het dat God die **stamme** uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal **al die stamme** geseën word.

Die Skrif wat vooruit gesien het, handel dus oor die **stamme** wat uit die geloof regverdig sou word, en nie die **heidene** nie.

Die geseëndes van **Gen.12:3**, waarna Paulus verwys in **Gal.3:8** het dus op die **families as stamme** betrekking en nie op **geslagte** en **heidene** en **volke** nie, soos wat die Vertaalde Bybels verkondig. Gen.12:3 moet volgens die Grondteks as volg reggestel word:

> **Gén 12:3** En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die **families** van die aarde *[adamah]* geseën word.

Hierdie families van die aarde [adamah] kan net op die **stamme** van Israel betrekking hê en nie op al die geslagte van die hele wêreld nie. Dit stem ooreen met die verbond wat JaHWeH uitsluitlik met Abraham, Isak en Jakob gesluit het.

Dit klaar nog nie die foute van Gal.3:8 op nie.

Alle nasies

Die Engelse vertaling meld dat "**all nations**" van Gal.3:8 geseën sal word.

> **Gal 3:8** And[G1161] the[G3588] scripture,[G1124] foreseeing[G4275] that[G3754] God[G2316] would justify[G1344] the[G3588] heathen[G1484] through[G1537] faith,[G4102] preached before the gospel[G4283] unto Abraham,[G11] *saying,* **In[G1722] thee[G4671] shall all[G3956] nations[G1484] be blessed.[G1757]**

Ons weet nou dat "nations" op die stamme betrekking het.

Dit gaan nou oor die begrip **all**[G3956].

Staan daar **all**[G3956] in die Grondteks, of nie? aangesien dit ook 'n belangrike vertalings afwyking is.

Hiermee die Griekse Grondteks van Gal.3:8:

> **Gal 3:8** προιδουσα[G4275] V-2AAP-NSF δε[G1161] CONJ η[G3588] T-NSF γραφη[G1124] N-NSF οτι[G3754] CONJ εκ[G1537] PREP πιστεως[G4102] N-GSF δικαιοι[G1344] V-PAI-3S τα[G3588] T-APN εθνη[G1484] N-APN ο[G3588] T-NSM θεος[G2316] N-NSM προευηγγελισατο[G4283] V-ADI-3S τω[G3588] T-DSM αβρααμ[G11] N-PRI οτι[G3754] CONJ | ενευλογηθησονται[G1757] V-FPI-3P | ευλογηθησονται[G2127] V-FPI-3P | εν[G1722] PREP σοι[G4771] P-2DS **παντα[G3956] A-NPN τα[G3588] T-NPN εθνη**[G1484] N-NPN

Let op na **παντα**[G3956] **τα**[G3588] **εθνη**[G1484].

Dit word uitgespreek as: panta ta ethnos

Hiermee die Strong's definisie vir **G3956** wat aan παντα toegeken is.

> **G3956 /** πᾶς / pas / *pas*
>
> Including all the forms of declension; apparently a primary word; ***all, any, every,* the *whole:*** - all (manner of, means) alway (-s), any (one), X daily, + ever, every (one, way), as many as, + no (-thing), X throughly, whatsoever, whole, whosoever.

Die Griekse begrip **G3956/** πᾶς / pas verskil ooglopend van παντα [panta] en kan nie dieselfde betekenis hê nie. Dit is openlike misleiding.

Die Griekse begrip **G3956 /** πᾶς / pas wat alle beteken, is dus dogmaties toegeken aan παντα/ panta.

Die pan [παν] van panta [παντα] kan "al en alle" beteken, maar dit word hier saam met ta / τα gebruik, wat "die" beteken. panta kan nie alledie wees nie, aangesien die na iets spesifieks verwys en nie saam met alle gebruik kan word nie. **Panta** kom dus op: **aldie** neer en moet as sulks vertaal word.

Dit is nie al nie.

Let op dat **τα / ta** twee keer voorkom in die Griekse Grondteks:

Gal 3:8 προιδουσαG4275 V-2AAP-NSF δεG1161 CONJ ηG3588 T-NSF γραφηG1124 N-NSF οτιG3754 CONJ εκG1537 PREP πιστεωςG4102 N-GSF δικαιοιG1344 V-PAI-3S ταG3588 T-APN εθνηG1484 N-APN οG3588 T-NSM θεοςG2316 N-NSM προευηγγελισατοG4283 V-ADI-3S τωG3588 T-DSM αβρααμG11 N-PRI οτιG3754 CONJ | ενευλογηθησονταιG1757 V-FPI-3P | ευλογηθησονταιG2127 V-FPI-3P | ενG1722 PREP σοιG4771 P-2DS παντα**G3956 A-NPN** **τα**G3588 **T-NPN** **εθνη**G1484

Hiermee die definisie vir **τα**G3588 **"ta"**.

G3588 / ὁ, / ἡ, / τό / ho hē to / *ho, hay, to*

The masculine, feminine (second) and neuter (third) forms, in all their inflections; the definite article; ***the*** (sometimes to be supplied, at others omitted, in English idiom): - **the, this, that**, one, he, she, it, etc.

ταG3588 beteken "die" volgens die Griekse Konkordansie.

Daar staan dus: panta ta", wat "aldie dié" beteken.

> FPI-3P | ευλογηθησονται G2127 V-FPI-3P | εν G1722 PREP σοι G4771 P-2DS παντα G3956 A-NPN τα G3588 T-NPN εθνη G1484

Die vertalers het die begrip "**dié**" [τα / ta] van die Grondteks weggelaat, om 'n rede.

Hiermee Gal.3:8 in die King James Bybel [KJV] met Strong's nommers:

> **Gal 3:8** And G1161 the G3588 scripture, G1124 foreseeing G4275 that G3754 God G2316 would justify G1344 the G3588 **heathen G1484** through G1537 faith, G4102 preached before the gospel G4283 unto Abraham, G11 *saying,* In G1722 thee G4671 shall **all G3956** **nations G1484** be blessed. G1757

Die King James vertaling leer dat [**all G3956** **nations G1484**] alle nasies Abraham se seën sal ontvang maar die Griekse Grondteks leer dat **aldie dié stamme** [panta ta ethnos] Abraham se seën sal ontvang.

Hieruit is dit duidelik dat die Vertalings in sommige gevalle afwyk van die Grondtekste en 'n ander leer verkondig, soos wat die besprekingspunt dit stel.

Noudat ons weet dat Bybels waarin **[panta ta ethnos]** vertaal is met "**all nations**" en "**al die volke**", wanvoorstellings is van die Griekse Grondteks, en 'n geweldige sonde is volgens Deut.4:2, 12:32, Spr.30:6, Mat.5:17-19 en Op.22:18-19.

Sulke Bybels verkondig 'n vals leer.

Hiermee die regstelling van Gal.3:8 en Gen.12:3 volgens die Grondtekste:

> **Gal.3:8** En die Skrif wat vooruit gesien het dat Elohijm die **stamme** uit die geloof sou regverdig, het vooraf aan Abraham die evangelie verkondig met die woorde: In jou sal **aldie dié stamme** geseën word.

Gén.12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal **al die stamme** *[families]* van Adamah geseën word.

Kyk net hoeveel wanvertalings in twee verse aangebring is en ‘n ander leer die wêreld ingestuur is.

Die Grondtekste leer as volg:

Hierdie spesifieke **stamme** het tot die **volk** Israel geword en is deur JaHWeH uitverkies te midde van **al die ander volke.**

Deut.7:6 Want jy is ‘n **volk** heilig aan JaHWeH jou Elohijm; jou het JaHWeH jou Elohijm uitverkies om uit al die **volke** wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees.

Kan u sien hoe maklik ‘n dwaling ingevoer word deur enkele afwykings aan die Grondtekste aan te bring? Die leer van die Christendom is gegrond op die leer van die vertalings en nie op die leer van die Grondtekste nie.

Dit is alles verbode praktyke en ‘n sonde volgens Deut.4:2, 12:32, Spr.30:6, Mat.5:17-19, Op.22:18-19.

Gal.3:13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang— **:14** sodat die seën van Abraham na die **stamme** *[heidene]* kan kom in MaShiJaH JaHShua *[Christus Jesus],* en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang. :15 Broeders, ek spreek menslikerwys: selfs ‘n mens se testament wat bekragtig is, **maak niemand tot niet of voeg daaraan toe nie**.

In vandag se tyd word ‘n mens se **testament** met meer eerbied behandel as **Die Woord** van **Die Almagtige Elohijm van hemel en aarde.**

'n Mens se **testament** is sy laaste bevele en word nie verdraai nie en indien wel word dit in howe beveg, maar JaHWeH se bevele en JaHShua se Testament word verdraai en word in die Bybels verkondig dat JaHWeH se seën aan Abraham m.b.t. JaHShua, na die heidene moet gaan. So is die hemelse Leer- en Testament vervals en niemand doen iets daaraan nie.

As iemand dit durf waag om te verkondig dat die Nuwe Testament net aan Israel bemaak is, klim die Christendom op sy kop. Hou dit maar dop.

B. Die omvang van die "alle nasies evangelisasie" lering.

Besef u wat die omvang van die dogmatiese afwykings in die res van die Bybelsvertalings is? Dit kom op elke bladsy van die Bybel voor. Elohijm is vervang met God, JaHWeH met die HERE, JaHShua met Jesus, MashiJaH met Christus, Adamiet met mens, stam en familie met nasies en volke en heidene, ens. Hierdie vervalsings bring ongetwyfeld 'n ander leer na vore as die leer van die Grondtekste.

Neem Mat.28:19 as voorbeeld:

> **Mat 28:19** Gaan dan heen, maak dissipels van **al die nasies**, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Die King James Bybel lees as volg:

> **Mat 28:19** Go[G4198] ye therefore,[G3767] and teach[G3100] **all[G3956] nations,[G1484]** baptizing[G907] them[G846] in[G1519] the[G3588] name[G3686] of the[G3588] Father,[G3962] and[G2532] of the[G3588] Son,[G5207] and[G2532] of the[G3588] Holy[G40] Ghost:[G4151]

Die Griekse Grondteks lees as volg:

> **Mat 28:19** πορευθεντεςG4198 V-AOP-NPM ουνG3767 CONJ μαθητευσατεG3100 V-AAM-2P **πανταG3956 A-APN ταG3588 T-APN εθνηG1484** N-APN βαπτιζοντεςG907 V-PAP-NPM αυτουςG846 P-APM εισG1519 PREP τοG3588 T-ASN ονομαG3686 N-ASN τουG3588 T-GSM πατροςG3962 N-GSM καιG2532 CONJ τουG3588 T-GSM υιουG5207 N-GSM καιG2532 CONJ τουG3588 T-GSN αγιουG40 A-GSN πνευματοςG4151 N-GSN

Let op na die rooi gedeelte: **πανταG3956 ταG3588 εθνηG1484 – panta ta ethnos**

U weet reeds dat **panta ta ethnos** nie "**allG3956 nations,G1484**" is nie en ook nie "**al die nasies**" nie, maar **aldie dié stamme** is soos Gal.3:8 ook van getuig en reeds behandel is.

Maar na watter nasies verwys die Engelse **Vertaling** van Mat.28:19 dan?

Na alle nasie! Maar volgens die Grondteks stuur JaHShua Sy dissipels na **aldie dié stamme.** Hierdie stamme het net betrekking op Israel.

Mat.28:19 moet dus as volg lees:

> **Mat 28:19** Gaan dan heen, maak dissipels van **aldie dié stamme**, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Met die vervanging van **aldie dié stamme** met **al die volke** is die Grondteks Waarheid vervang met die Bybels waarheid. Daarom die bewoording van die besprekingspunt:- **Die vertaalde Bybels wyk in sommige gevalle af van die Leer van die oorspronklike Hebreeuse- en Griekse Grondtekste.**

JaHShua stuur Sy dissipels **nie** na "**al die nasies**" of "**all nations**" toe nie, maar na **aldie dié stamme**, wat neerkom op die Verlore skape van die huis van Israel. Hierdie 12 stamme het tot een volk geword en is later in twee volkshuise

verdeel en is in ballingskappe weggestuur, maar gaan verenig word volgens bv. Eseg.37:11, 19, 22-28.

Die alle-nasie-evangelisasieleer verskil van die leer van die Grondtekste en is daarom ‘n dwaling. Die begrip ethnos in Mat.28:19 het net op Israel as volk betrekking en nie die heidene nie.

Ethnos het ook soms betrekking op die werklike heidene, soos waar

JaHShua onderskeid maak tussen heiden en Israeliet in:

> **Mat 10:5** JaHShua het hierdie twaalf uitgestuur en hulle **bevel** gegee en gesê: **Moenie gaan op pad na die heidene** *[ethnos]* **nie**, en **moenie** ingaan in ‘n stad van die Samaritane nie; :**6** maar gaan liewer na die **verlore skape van die huis van Israel.**

Die evangelie van JaHShua MaShiJaH moet hiervolgens nie aan die **heidene** [ethnos] verkondig word nie maar aan **die verlore skape van die huis van Israel**.

Binne hierdie konteks is daar twee **tipes ethnos**, nl. die **heidene** en **die verlore skape van die huis van Israel.** Die verlore skape van die huis van Israel het betrekking op die Israeliete wat verstrooid geraak het met die ballingskappe.

Die heidene van Mat.10:5 is nie-Israeliete, soos die definisie van ethnos voorsiening voor maak:

> **G1484 /** ἔθνος / ethnos / *eth'-nos*
> Probably from G1486; **a *race* (as of the same *habit*),** that is, **a *tribe*; specifically a *foreign* (*non-Jewish*)** one (usually by implication *pagan*): - Gentile, **heathen**, nation, people.

Die evangelie mag nie aan die heidene [nie-Israeliete] verkondig word nie maar net aan die Israeliete. Dit is JaHShua se bevel en dit is **wat geleer moet word** –

Mat.28:19 "... en **leer** hulle om alles te onderhou wat Ek julle **beveel** het."

Hy stuur Sy dissipels soos Sy Vader Hom gestuur het- net na die verlore skape van die huis van Israel:

Joh 17:18 Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.

Joh 20:21 JaHSHua *[Jesus]* sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.

JaHShua stuur dus Sy dissipels net na die verlore skape van die huis van Israel. Dit is die **leer van die Grondtekste** en die **alle-nasie-evangelisasie** is die **leer van die vertaalde Bybels en die Christendom. Watter leer is die ware leer?**

C. Die vertaling van verskillende spesies tot mense:

Die begrip mens is vertaal vanaf die begrip Adamiet waarvan die Strong's Konkordansie nommer H120 is:,

Gén 1:26 And God[H430] said,[H559] Let us make[H6213] **man[H120]** in our image,[H6754] after our likeness:[H1823] and let them have dominion[H7287] over the fish[H1710] of the sea,[H3220] and over the fowl[H5775] of the air,[H8064] and over the cattle,[H929] and over all[H3605] the earth,[H776] and over every[H3605] creeping thing[H7431] that creepeth[H7430] upon[H5921] the earth.[H776]
Gén 1:27 So God[H430] created[H1254] (H853) **man[H120]** in his *own* image,[H6754] in the image[H6754] of God[H430] created[H1254] he him; male[H2145] and female[H5347] created[H1254] he them.

Hiermee die definisie van die begrip Adamiet wat met mens vertaal is:

H120 / אָדָם/ 'âdâm / *aw-dawm'.*

From H119; ***ruddy***, that is, a ***human being*** (an individual or the species, ***mankind***, etc.): - X another, + hypocrite, + common sort, X low, man (mean, of low degree), person.

Hierdie definisie beskryf die Adamiet as rooierig, wat ‘n spesifieke spesie verteenwoordig.

Die Adamiet staan ook in verband met **H119**

> **H119 /** אָדָם / 'âdam / *aw-dam'*
>
> **To *show blood* (in the face), that is, *flush* or turn rosy**: - **be** (dyed, made) **red (ruddy).**

Let daarop dat die Adamiet sigbaar kan bloos en rooierig is. Dit sluit aan by:

> **Hgl.5:10** My beminde is **skitterend wit en rooi**, uitnemender as tien duisend.

Nadat al die ander spesies op aarde geskape is, het JaHWeH die Adamiet na Sy Beeld en Gelykenis geskape [Gen.1:24-27].

Die begrip Adamiet is ‘n selfstandige naamwoord eienaam en eiename mag nie vertaal word nie. Adam het tog Adam gebly en so ook die eienaam van elke persoon.

Maar die vertalers verander die naam van die Adamiet as Beelddraer van die Almagtige soos wat hulle Sy Naam en die Naam van Sy Seun en Hul titels verander het.

Hier is dus iets verdag aan die gang met die verandering van Adamiet na “mens” en “man” in Engels.

Die rede waarom die begrip Adamiet verwyder is uit al die vertaalde Bybels, is omdat daar ander spesies bestaan wat soortgelyk aan die Adamiet is en wat ook met mens vertaal is en waardeur gelykstelling plaasgevind het. Hulle is immers deel van die “alle nasies” wat volgens die vertaalde Bybels geëvangeliseer moet word. En daar mag volgens die wette van die wêreld nie gediskrimineer word nie en almal is mos gelyk.

Een spesie wat van die Adamiet verskil is in Ps.9 opgeteken:

Psa 9:19 Arise,H6965 O LORD;H3068 let notH408 **manH582** prevail:H5810 let the **heathenH1471** be judgedH8199 inH5921 thy sight.H6440

Psa 9:20 PutH7896 them in fear,H4172 O LORD:H3068 *that* the **nationsH1471** may knowH3045 themselvesH1992 *to be but* **men.H582** Selah.H5542

Psa 9:20 Staan op JaHWeH, laat die mens **[manH582]** nie sterk word nie; laat die heidene [**heathenH1471**] voor U Aangesig geoordeel word! :**21** o JaHWeH jaag hulle skrik aan; laat die heidene [**heathenH1471**] weet, hulle is mense [**men.H582**]! Sela.

Let op dat H582 hier met **mens** vertaal is. Volgens die gedeelte is hulle heidene wat nie sterk mag word nie, maar geoordeel en verskrik moet word en dat hulle moet besef dat hulle H582 tipe mense is.

Die naam van hierdie heidense mense is Enoshe en hul eienskappe is as volg:

H582 / אֱנוֹשׁ / 'ĕnôsh / ***en-oshe'***

From H605; **properly a *mortal* (and thus differeing from the more dignified H120); hence a *man* in general** (singly or collectively). It is often unexpressed in the English Version, especially when used in apposition with another word: - **another,** X [blood-] thirsty, certain, chap [-man], divers, fellow, X in the flower of their age, husband, (certain, mortal) man, people, person, servant, some (X of them), + stranger, those, + their trade. It is often unexpressed in the Engl. version, especially when used in apposition with another word. Compare H376.

Let op dat hierdie Enoshe spesie [H582] wat anders is as die meer verhewe Adamiet, ook met mens vertaal is. Die definisie tref onderskeid tussen die Adamiet en die Enoshe, maar nie die vertalings nie. Waar Enoshe na 'n spesie verwys mag dit nie vertaal word nie.

Die Bybelleser is dus nie daarvan bewus dat die Adamiet en die Enoshe verskillende spesies is nie en dat die onderskeid wat die Grondtekste tref, weg

vertaal is. Daardeur verdwyn die verskillende spesies in die vertalings en ontstaan die leer dat almal mense is. Volgens Ps.9:20 moet die heidene [Enoshe tipe mens] weet dat hulle mense is. Maar hulle is volgens die definisies ‘n ander tipe mens is as die Adamiet. Deur albei begrippe met mens te vertaal, verdwyn die onderskeid wat reeds in die Skeppingsverhaal opgeteken is en verander dit die leer van die Grondtekste.

Ps.9:20 moet as volg vertaal word binne die leer van die Grondtekste:

> **Psa 9:20** Staan op JaHWeH, laat die Enoshiete **[H582]** nie sterk word nie; laat die heidene [**heathen**H1471] voor U Aangesig geoordeel word! :**21** o JaHWeH jaag hulle skrik aan; laat die heidene [**heathen**H1471] weet, hulle is Enoshiete **[H582]** Sela.

Enoshe verwys ook na die ander skepsels wat ook as mense beskou word bv. Kain wat ‘n vrou gekry het in die land Nod, wat beteken daar was ander “mense” naas Adam en Eva, met wie Kain kon trou en wie die merk kon verstaan om hom nie dood te maak nie;

Hierdie “mense” voor Adam is waarskynlik die inboorlinge van die vastelande wat op die sesde dag [tydvak- *jome H3117*] voor Adam geskape is en as Khah'ee **[Strong’s 2416]** bekend staan. Khahee is bv. met “diere van die veld” en “wilde diere van die aarde” vertaal.

Hulle was volgens Gen.3:1 nie so listig soos die slang nie.

> **Gén 3:1** Maar die slang was listiger as al **die diere van die veld** wat JaHWeH Elohijm gemaak het.

Volgens Eseg.14:15 is die **Khah'ee [Strong’s 2416],** bose diere:

Esg 14:15 If[H3863] I cause noisome[H7451] **beasts[H2416]** to pass[H5674] through the land,[H776] and they spoil[H7921] it, so that it be[H1961] desolate,[H8077] that no man[H4480 H1097] may pass through[H5674] because[H4480 H6440] of the beasts:[H2416]

En volgens Lev.26:22 is hulle wilde diere wat die Israeliete kinderloos sal maak.

Lev 26:22 I will also send[H7971] (H853) wild[H7704] **beasts[H2416]** among you, which shall **rob you of your children**,[H7921] (H853) and destroy[H3772] (H853) your cattle,[H929] and make you few in number;[H4591] (H853) and your *high* ways[H1870] shall be desolate.[H8074]

Hierdie "mense" of inboorlinge is deur JaHWeH geskape en word deur Hom as strafgerig aangewend om Israel tot bekering te bring [Eseg.14:12-23].

Hulle vorm deel van die eeue oue nasies van Jer.5:15.

Jer 5:15 Kyk, Ek bring oor julle 'n nasie van ver af, o huis van Israel, spreek die HERE; **'n eeue-oue nasie** is dit, 'n nasie van ouds af, 'n nasie waarvan jy die taal nie ken en jy nie verstaan wat hulle praat nie.

Die **Khahee** en die **eeue-oue nasie** en **Kain se skoonfamilie** is voor Adam geskape en kan nie soos die Adamiet na die Beeld en Gelykenis van JaHWeH geskep wees nie.

Die Bybels waarin Adamiet en Enoshe met mens vertaal is, leer dat almal mense is, en dat almal jou naaste is en dat alle nasies geëvangeliseer moet word, wat nie waar is nie.

Die Grondtekste se leer verskil dus van die vertaalde Bybels se leer m.b.t. die begrippe Adamiet, Enoshe en Khahee. Ons sit dus met Bybels wat nie dieselfde leer verkondig as die leer van die Grondtekste nie, en daarom die Bybelleser op 'n dwaalweg bring.

Die wanvertalings het werklik nadelige gevolge.

D. **Neem as voorbeeld Totius** se uitlatings oor die verskillende rasse:

Hy verkondig dat alle mense uit een ouerpaar gebore is, bedoelende Adam en Eva en dat almal dieselfde bloed in hul are het:

> **Die Godsdienstige Grondslag van ons Rassebeleid**
> Referaat gelewer op die ,,Volkskongres oor die Rassebeleid" (1944) deur prof. dr. J. D. du Toit.
>
> E. **SKRIFTUURLIKE BEGINSELS.**
>
> "1. **Die** menslike geslag is 'n eenheid.
> ... Uit een ouerpaar is die hele menslike geslag gebore, sodat Paulus in Hand. 17:26 kan se dat **alle mense uit een bloed voortgekom het.** Bloed is dus nie 'n skeidende faktor nie, maar juis 'n verbindende. **In die naturel se are bruis per slot van rekening dieselfde bloed as in die van ons**. Bloed alleen kan derhalwe geen regverdiging vir ons rassebeleid gee nie. Dit moet inteendeel 'n gevoel van simpatie opwek."

> **Hand.17:26** En Hy het uit een bloed al die nasies *[volke/ethnos]* van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het,
>
> **Acts17:26** And[G5037] hath made[G4160] of[G1537] **one[G1520] blood[G129] all[G3956] nations[G1484] of men[G444]** for to dwell[G2730] on[G1909] all[G3956] the[G3588] face[G4383] of the[G3588] earth,[G1093] and hath determined[G3724] the times[G2540] before appointed,[G4384] and[G2532] the[G3588] bounds[G3734] of their[G848] habitation;[G2733]

Dit beteken dat Totius se leer van **een ouerpaar** en **een bloed** vir Westerling en Oosterling en Inboorling, alle volke/nasies beskou as geskape na die Beeld en Gelykenis van JaHWeH. Totius het egter al die gedeeltes oor die wet m.b.t. die baster [Deut.23:3] en gemengde bloed [Ex.12:38, Num.11:4, Neh.13:3] geïgnoreer en hy het Hand.17:26 verkeerd vertolk. Die "mense" waarna Paulus in Hand.17:26 verwys, staan as Anthropos [G444] bekend. Anthropos verskil van die inboorlinge van Hand.28:4, wat as Barbaros [G915] bekend staan.

Let op na die King James vertaling waar die inboorlinge [Barbaros] na Paulus as ‘n “mens” [Anthropos] verwys:

> **Hnd 28:4** And[G1161] when[G5613] the[G3588] **barbarians[G915]** saw[G1492] the[G3588] *venomous* beast[G2342] hang[G2910] on[G1537] his[G848] hand,[G5495] they said[G3004] among[G4314] themselves,[G240] No doubt[G3843] this[G3778] **man[G444]** is[G2076] a murderer,[G5406]

Hiermee die definisie vir **G444**

> **G444 /** ἄνθρωπος / anthrōpos / *anth'-ro-pos*
>
> From G435 and ὤψ ōps (the *countenance*; from G3700); ***manfaced***, that is, **a *human* being**: - certain, man.

Hiermee die definisie van die inboorling [**G915**] van Hand.28:4

> **G915 /** βάρβαρος / barbaros / *bar'-bar-os*
>
> Of uncertain derivation; a *foreigner* (that is, *non Greek*): - barbarian (-rous).

Die Grondteks tref onderskeid tussen die Anthropos tipe mens en die Barbaros tipe mens.

Indien die vertalers die werklike name [identiteit] van die spesies behou het, sou sulke dwalings nie ontstaan het nie, maar met hulle vertaling van onderskeie spesies met mens het ‘n ander leer ontstaan as dié van die Grondtekste. Die King James Bybel het immers die begrip Barbaros behou, maar die Afrikaanse vertalers het Barbaros met inboorling vervang en Totius verwys na hulle as “naturel”.

Totius se “een ouerpaar” weerspreek Gen.4 m.b.t. die spesie waaruit Kain sy vrou gekry het, asook die eeue-oue nasie [volk] van Jer.5:15.

In teenstelling met Gen.1:26 en Gen.3:1 en Gen.4 en Jer.5:15 verkondig Totius dat daar nog spesies ontstaan het ná die Skeppingsverhaal, waarvan alles goed was in die oë van JaHWeH en Hy gerus het van al Sy werke. Maar dit was

nie goed in die oë van Totius nie, hy verwys na die “mense” van Gen.11 as: *“'n doodse eenvormigheid”.* [sien volgende aanhaling]

Totius as Gereformeerde teologiese professor en Bybelvertaler het ‘n evolusie verkondig ná die sesde skeppingsdag, wat in alle opsigte afwyk van die leer van die Grondtekste.

Referaat gelewer op die „Volkskongres oor die Rassebeleid" (1944) deur prof. dr. J. D. du Toit.

3. God het die ontstaan en bestaan van aparte volke gewil.

Uit een bloed het God al die nasies van die m e n s d o m gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het (Hand. 17:26). Hier het ons 'n ondubbelsinnige en duidelike uitspraak.

As liberaliste hul ideaal verwerklik kon sien sou oor die hele wereld geen differensiasie van volke gewees het nie, maar 'n doodse eenvormigheid. Dieselfde gedagte word uitgespreek in Deut. 32:8.

Die opdrag by die skepping: v u l d i e a a r d e , **hou in die gedagte van trek en met trek gaan gewoonlik nasiewording gepaard.** Na die sondvloed het die mensdom geweier om aan hierdie opdrag gehoor te gee. „Daar is hulle nou een volk en het almal een taal". (Gen. 11:6). **Hierdie imperialistiese gedagte van die nivellering van alle verskille tussen volke word deur die groot Skeidingmaker op gewelddadige wyse versteur by die toringbou van Babel** (Gen. 11:7 en 8). **Die verstrooiing oor die hele aarde bring vanself ook differensiasie mee.**

Hierdie leer van Totius dat die verstrooiing vanaf Babel differensiasie meegebring het tot die mate dat die “naturel” uit die Adamiet ontstaan het, is ‘n evolusie leer. Dit wyk in alle opsigte af van die leer van die Grondtekste. JaHWeH het geen skepsels ná die sesde dag geskape nie soos wat Totius beweer, en na Hom as Skeidingmaker verwys. Totius se leer is dus ‘n leuen en onskriftuurlik.

Totius wat hierbo aangehaal is, was betrokke by die 1933 Vertaling. Hierdie sentiment van hom is ook in die Nederlandse Staten Bybel. Die leer van die Teologiese skool waaruit die Protestantse predikante gekom het, het toe al

reeds afgewyk van die Leer van die Grondtekste, soos wat die besprekingspunt aanvoer.

E. Die vertaling wyk reeds vanaf Gen.1:1 af van die Grondtekste.

Die vertalings wyk al **vanaf die eerste vers in die Bybel af van die Grondtekste**. Die vertalers het die begrip Elohijm met God vervang en **Alef Tav**, H853 את wat die eerste en laaste letters van die Hebreeuse Alfabet is en betrekking op Elohijm het, wegelaat.

Hy is immers die Alfa en die Omega van Op.22:13.

> **Opn 22:13** Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.
>
> **Gen.1:1** Elohijm [H430] Alef Tav H853 את het in die begin die hemel en die aarde geskape, en Elohijm Alef Tav H853 את het gesien dat die Lig goed was ens.
>
> **Gén 1:1** בראשׁית H7225 ברא H1254 אלהים H430 את H853
> השׁמים H8064 ואת H853 הארץ: H776
>
> En in Eks. 20:1 staan daar dat Elohijm Alef Tav al hierdie Woorde gespreek het, ens.

Volgens die Grondteks staan daar nie God nie maar Elohijm. Dit beteken dat dit Elohijm Alef Tav is Wie ter sprake is. Deur Elohijm met God te vertaal en boonop Alef Taf weg te neem, word Sy Karakter as Almagtige aangetas. Wegneem en byvoeg is ‘n sonde volgens Deut.4:2, 12:32, Spr.30:6, Mat.5:17-19 en Op.22:18-19.

F. SLOT

1) Ons het met ons **Gereformeerde Bybels** opgegroei, en nie geweet van die **Heilige Name** en dat Hulle **Name** verander is nie;

2) Ons het weens die vertaling van **ethnos** met **heiden**, geglo dat die evangelie aan **alle nasies** verkondig moet word.

3) Ons het nie geweet van **panta ta ethnos** nie, en dat dit eintlik **aldie dié stamme** is wie Abraham se **seën** moet ontvang en geëvangeliseer moet word.

4) Ons is nooit geleer dat JaHShua Sy dissipels **net** na die **verlore skape van die huis van Israel** gestuur het nie, en dat Hy nooit gesê het dat hulle na **alle nasies** moes gaan nie.

5) Ons is geleer dat Paulus en Petrus gesê het dat hulle die **heidene** moes evangeliseer, maar het nie geweet nie dat **ethnos** eintlik op **ras en stam** betrekking het.

6) Ons het nooit geweet dat Elohijm **nie die mens na Sy Beeld en Gelykenis** gemaak het nie, **maar die Adamiet wat sigbaar kan bloos** en wat verskil van die Enoshe en Khahee, wat ander tipes is as die meer verhewe Adamiet.

7) Ons is geleer dat ons en die **naturelle dieselfde bloed in ons are het** en dat almal ons naaste is.

8) Ons het nie geweet dat die eerste vers van die 1933/53 Vertaling al afwyk van die Grondteks nie.

9) Ons het geleer dat die hele Woord deur Elohijm geïnspireer is, maar nie dat dit net betrekking het op die Grondtekste en nie op die Vertalings met hul afwykings, nie.

Daar is nog ander afwykings wat ek ook aan u kan uitwys, maar waarvoor daar nie tyd is nie. Die belangrikste is egter behandel.

Maar waar laat dit ons? Wat maak ons nou met ons Bybels?

1. Ons lees hulle met groter erns.
2. Ons rus ons toe met die Grondtekste en die konkordansie en maak die verkeerde vertalings reg met kleurpenne.
3. Ons stig Bybelstudiegroepe en deel die plekke met mekaar waar die vertaling oral afwyk van die Grondtekste.
4. Ons verkondig dit oral waar ons kan.

Sodoende sal u elke keer as u die Bybel lees, weet van watter tipe mens die Bybel van spreek. Ook waar die woord heiden staan, of dit werklik op heidene betrekking het of op die stamme van Israel.

Ons moet besef dat ons in Babilon is en deel is van Babilon en dat die kerke ook deel is van Babilon en dat ons geloof gegrond is op die leerstellings wat ons in Babilon leer ken het.

Daarom dat die stem in die hemel gesê het: “Op.18:4 Gaan uit haar uit My volk.”

Dit is JaHWeH Wie hier aan die Woord is en Israel is die volk waarna Hy verwys en Babilon is die plek waaruit ons as Sy volk moet gaan.

Vrede

Flip Swanepoel

[i] Andries Pretorius se aanwysing as leier met die lot:-



den Klerk des Volks Raads, door den Hr. J. G. Bantjes, Secretaris van den Hoofd-Kommandant, heeft geageerd :—

Nademaal de Heer Andreas Wilhs. Jacs. Pretorius, eenige dagen geleden alhier is aangekomen, met eene party zyner manschappen, ten einde met een kommando, in den kryg tegens *Dingaan*, Opperhoofd der Zoolas op te trekken, om te trachten het, door hem, van onze dood gemartelde mede-reizigers geroofde, terug te halen; ontstond er ten gevolge van dien aankomst, groote blydschap onder het algemeen. De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door vermelde Raad geformeerd, aangesteld;—toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, zynen dank betuigde, en sprak: dat, hoe ongaarne ook, echter daar het lot op hem gevallen was, en uit aanmerking van den staat waarin zyne mede-reizers verkeeren, in het leger als in een gevangenis opgesloten zynde, hy die gewigtige taak, gewilliglyk op hem nemen zou, en zyne vermogens zoude inspannen, om te doen, hetgeen onze wezentlyke belangens vorderen. Dit alles bewoog my, daar ik konde opmaken dat er een voorzigtig bestier zoude plaats hebben, om de kommando te vergezellen, ten einde de noodige aanmerkingen op dezelve, aan te teekenen.

Zoo was het dan, dat ik my haastte, en zond des anderen daags, zynde den 27sten Nov. 1838, mynen wagen, naar de

[ii] Erasmus Smit se dagboek - kerkraad met lot aangewys.



[1837] 101

Zondag eerstkomende, na de predikatie, van die spreekplaats af te lezen.

Zaterdag, 2 Dec. Onze Goeverneur zond heden en de vorige dag 'n brief rond, om alle mensen te nodigen om op Zondag, de 3e Dec., 'n algemene dankdag in 't hoofdleger te vieren.

Zondag, 3 Dec. De opkomst tot de Godsdienst was aangenaam: velen kwamen van nabij en van verre aan. De léraar predikte op deze bid- en dankdag over 1 Sam. 7:12;[ii] las daarna 'n herder- en vaderlike brief van de Goeverneur aan de gemeente voor; en voorts werden de namen voorgelezen van 'n Kerkeraad, 2 Ouderlingen en 2 Diakenen, door 't lot verkozen uit 'n tiental: Brs. François Retief en Carel van der Merwe tot Ouderlingen; en Brs. Christiaan Liebenberg en Roelof Dreyer tot Diakenen.

In de namiddag verhandelde de léraar Hand. 20: 26-32, bijwijze van inwijding en bevestigingsrede gepast op de Kerkeraad. De Broeders werden toen, naar 't formulier van onze Nederduitse Gereformeerde Kerk, in de Heilige Dienst bevestigd, door E. Smit, de léraar der gemeente. Voorts werden er 4 kinderen door de Heilige Doop in de Kerk ingewijd.